





Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief : Oktober 2004



Dankie aan ds Leon Tait vir 10 jaar




Ons sê dankie vir 10 jaar se vrugtevolle bediening in Rietfontein-Suid. Dankie vir jou en jou gesin se liefde en onbaatsugtige diens.

Dankie Leon vir jou waardevolle en opregte kollegaskap. Ons het almal groot waardering vir jou en Monique.

Mag ons nog baie jare lank die voorreg smaak van jou betekenisvolle bediening in Rietfontein-Suid.

Krag en genade word julle toegebid vir die volgende 10 jaar !

Namens die Kerkraad
ds Leon van Heerden



Oase vir Ouers

Een tot een kuiertyd

Die waardevolste werk in die gesin kan gedoen word waar Pa of Ma met elke kind afsonderlik kuiertyd deurbring. Hier vind die diepste hart-tot-hart kontak plaas.

Hierdie is "bonding" tyd waar onverdeelde aandag aan jou kind gegee word. Daar word 'n afspraak gemaak en een ouer alleen gaan saam met hom of haar koffie drink, rugby kyk, eet, inkopies doen, saam ry iewers heen ensomeer.

Hierdie individuele kuiertye help jou as ouer om beter te fokus op jou kind se drome, vrae en dieper behoeftes. Dit bou brue en smee dieper verhoudings, wat sekerlik die grootste belegging is wat ons as ouers kan maak!

Hierdie individuele kuiertyd met elke kind laat die kind beleef hy of sy is vir Pa en Ma belangrik en hulle gee regtig om vir my. Onthou kinders sê: *I dont care how much you know, until I know how much you care.*

Moenie wag vir beter dae nie. Beplan nou en maak afsprake met jou kinders afsonderlik!

Matt 7:7-12 : *Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra...?*

Ouers is dikwels God se beste antwoord aan kinders in tye van nood.

Geniet julle kinders!
ds Leon van Heerden



Belangrike nota

AANDAG ALLE SENIOR LIDMATE (65 JAAR EN OUER) - die Kerkraad het besluit dat volgende jaar (2005) "Jeugjaar" in die Gemeente sal wees. Ten einde 'n sinvolle bydrae tot hierdie aksie te maak, het die Senior Lidmate Bediening besluit **om vaardigheidstegnieke van ons Senior Lidmate aan ons jeug bekend te maak** by wyse van "Tegniekdae" wat in die loop van volgende jaar op gegewe dae en plekke gehou sal word wat die jeug dan kan bywoon sodat die vaardighede vir die nageslag behou kan bly.

Die Senior Lidmate Bediening verneem dus graag van vaardighede waaroor u beskik wat u graag aan ons jeug wil oordra.

Ons soek vaardighede vir seuns en dogters soos: **houtwerk-, tuinbou-, huishoud-, naaldwerk, kookkuns-vaardighede, ens.**



Skakel asb. in dié verband met enige van die volgende persone:
Ds. Ernst (330 0632) / Chris Ebersöhn (331 3100) en Piet Barnard (331 0765)

DEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET HINDU`S.

Hindu Geskrifte

Die geskrifte kan in twee groepe verdeel word, naamlik die **Shruti** (Openbaring) en **Smriti** (Tradisies).

Die **Shruti** bestaan uit Vedas, dit is gesange, Liturgiese material, gedigte, spreke en magiese gesegdes. Dit word gedurende hulle offers aan hul gode gebruik. Die bekendste hiervan is die boek "Upanishad". Die boek het sy ontstaan gehad in die soeke na betekenis en veral die ware Realiteit van almal, naamlik "Brahman".

Die **Smriti** is die tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word. Die mees belangrike boek vir die Hindus is die **Bhagavad Gita**. Dit bevat die storie oor Krishna, 'n inkarnasie van Vishnu. Dit bevat die drie hoof Yoga dissiplinerings van die goddelike. Die Ramayana word ook as belangrik geag, want dit bevat die storie van Ram en Sita wat die Deepavali (Divali) fees van ligte voorstel. Laastens moet ook kennis geneem word van die Tantric literatuur wat die rituele en magiese praktyke beskryf.


Die Hooflering van Hinduïsme

Die term Hindu beteken die geloof van die mense van Indië. Dit is eintlik 'n familiegeloof. Dit verduidelik die verwarde verskeidenheid wat in Hinduïsme bestaan.

Dis goed om te weet dat Hinduïsme eintlik uit Klassieke Hinduïsme en Populêre Hinduïsme bestaan. Die meeste boeke handel oor die Klassieke Hinduïsme, terwyl die meeste Hindus aan Populêre Hinduïsme verwant is. Die twee kan wel van mekaar onderskei word, maar kan nie van mekaar geskei word nie.

(Meer hier oor volgende keer)





DIENS VAN BARMHARTIGHEID


Al die vertakkinge van Diens van Barmhartigheid is volstoom aan die gang.

By die Kinderhuis staan daar nou voor elke kind se bed 'n netjiese bedkassie wat kan sluit. *Baie dankie aan Luuk Hepkema en Willem Marais vir al die harde werk!*

Neem asseblief kennis dat die koskas voortaan deur Johanna Koen behartig sal word. Bydraes word ten alle tye verwelkom. Dink daarvoor of u nie volgende jaar by Diens van Barmhartigheid wil inskakel nie. Skakel gerus 331 3953 vir meer inligting.

NUWE LIDMATE BEDIENING

U merk onverwags 'n bedrywigheid in meubelvervoerwa wat tot stilstand nie eens geweet dat die inwoners van het nie ...



die straat op en 'n kom miskien dié adres vertrek

Nou ja, tyd het u nie om persoonlik te gaan kennis maak nie, maar sou dit nie gaaf wees indien u iets kon hê om in die posbus te gooi nie. Die mense sou dié vreemde omgewing darem soveel vriendeliker beleef!



Die goeie nuus is dat 'n gepaste notatjie wel beskikbaar is. Die bewoording daarvan, lui soos volg:

Hartlik welkom in hierdie omgewing. Mag u verblyf gelukkig en vreugdevol wees. Indien u onseker is oor waar u kerk of gemeente geleë is, sal ons graag vir u van inligting voorsien. U is hartlik welkom om die N.G. Gemeente Rietfontein-Suid te kontak of te besoek indien ons vir u

Tot enige diens kan wees.

Adres: h/v Ben Swart en 16de Laan


Kontaknommers: (012) 330 2172 / (012) 331 4291

Op aanvraag verkrygbaar by die kerkkantoor.

WEES DIE HANDE EN VINGERS VAN JESUS IN HIERDIE WÊRELD

Matt 15:29 – 31: "...Hy het hulle gesond gemaak, sodat die menigde hulle verwonder het toe hulle sien dat stommes praat, gebreklikes herstel is, verlamdes loop en blindes sien..."(vers 31)

Markus 7: 31 – 37 : "...Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer.....en gesê: Gaan oop" (vers 34)." "Hulle is geweldig aangegryp en het gesê: 'Alles wat Hy doen, is goed: die dowes laat Hy hoor en die laat Hy praat'"(vers 37).



stommes

Geen mens is volmaak nie – sommiges is verlam, ander gebrekklik, ander doof, ander blind, ens. Hoekom?

Met die sondeval is alle harmonie en volmaaktheid in die skepping aangetas. Genadiglik dat Jesus juis aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het om weer versoening tussen die skepping (die mens ingesluit natuurlik) en God die Vader te bring – om weer harmonie en vrede te herstel. Daarom dat elkeen – ook blindes en dowes - kan uitsien na die hemel waar alles volmaak sal wees.



Maar wat van hier en nou? Moet ons die blindes en dowes maar troos met die wete dat daar eendag 'n hemel wag? Dis nie wat Jesus doen nie. In bostaande Bybelgedeeltes sien ons: Hy reik uit na hulle, hy raak hulle aan, hy draai hul situasie om, Hy maak 'n verskil in hul lewens! En die gevolg? God word geprys!


Ná Jesus se hemelvaart gebruik Hy sy kerk, sy kinders (dus vir u en my) om 'n verskil in ander mense se lewens te maak. Ons moet die hande en vingers van Jesus in hierdie wêreld wees!

Ons gemeente se visie is om gedring deur die liefde van Christus, vir mekaar en vir ander om te gee. Mag ons ook hierdie visie uitleef in ons uitreik ná en hulpverlening aan verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander (Matt 15:30). Sodat hulle verwonderd sal wees en God sal prys! (Matt 15:31).



VRIENDE VAN DOWES

Miskien wonder u hoe u in die praktyk 'n verskil kan maak? Hoe u werklik Jesus se hande en vingers in die gemeente en gemeenskap kan wees? Hoe u byvoorbeeld daartoe kan bydra dat daar aan *dowe persone* se situasie aandag gegee word?



U kan die aksie "*Vriende van Dowes*" ondersteun. Dis 'n ou wat nou weer herleef onder vaandel van die CMR as een van die bene van "Brood-vir-Nood".

U kan op een of meer van die volgende wyses ondersteuning bied:

Gebed: Bid vir die mense wat doofheid/hardhorendheid ervaar. Bid ook asb. vir hulle geliefdes wat hul bystaan. En bid vir die gemeentes en die leiers by hierdie gemeentes wat dowe persone bedien.

Finansieel: U kan deur finansiële bydraes 'n verskil maak. Fondse is nodig :

- om inligtingsbrosjures op te stel waardeur die nood van dowe persone onder almal se aandag gebring word;
- vir werkskepping onder dowe persone (65% het nie werk nie);

- om horendes opleiding te gee in basiese gebaretaal;
- om `n dowe wat die roeping het, as predikant op te lei vir bediening onder dowe persone;
- om tolke op te lei;
- om professionele dienste, soos bv sielkundige dienste, vir dowes te subsidieer ens.

Vriende van Dowes benodig persone wat op kommissiebasis as bemarkers sal optree om fondse te in.

Deur `n “vriend” (van dowes) te wees: Met u gawes kan u `n verskil maak deur bv. dowes te begelei / raad te gee met sake soos die aankoop van `n motor of huis; deur hulle te help om `n begroting op te stel of om hul banksake te doen; deur dáár te wees vir hulle; deur begrip te toon vir hul situasie; deur te help met vervoer, ens.

INDIEN U NAVRAE HET, OF AS BEMARKER WIL OPTREE, OF U NAAM WIL OPGEE AS `N “VRIEND VAN DOWES”, KONTAK ASB. VIR DS TAIT BY 331 2076

INLIGTING AANGAANDE DOOFHEID IN ONS LAND



Doofheid word gereken as die grootste enkele gestremdheid in ons land

Hier volg enkele opmerkings rakende persone met doofheid:

- Daar word geskat dat 10 % van SA se bevolking gestremd is
- 3.5 % persone ervaar een of ander vorm van gehoorverlies
- dit werk uit ongeveer 1,5 miljoen mense wat een of ander gehoorverlies ervaar in SA.
- 10% Dowe leerders is multigestremd – het dus meer as net gehoorprobleme
- Daar word bereken dat 500 000 mense in SA Suid-Afrikaanse Gebare Taal praat
- 90 % van persone met Doofheid het nie-Dowe ouers
- 7 000 Dowe leerders is in skole of instansies of klasse vir Dowes
- Daar is 37 skole vir Dowe leerders in Suid-Afrika en 3 vir Hardhorende leerders.
- 7 000 tot 10 000 Dowes en Hardhorende kinders wat veronderstel is om in die skool te wees, is nie in skole is nie
- 33 % van alle Dowe mense kan nie lees of skryf nie a.g.v swak onderwys.
- `n Dowe kind wat skool verlaat het die skryf vermoë van `n 8 jr nie- Dowe kind.
- Meeste Dowe mense het nooit skool bygewoon nie of het baie laat begin skool gaan (9jr) oud
- In 2004 was daar slegs 40 gegradueerde persone met Doofheid in SA
- Net een Universiteit is oop vir persone met doofheid studente.
- Dowe mense het `n gemiddelde inkomste, laer as nie-Dowe mense.
- 65 % van alle Dowe mense het nie werk nie.
- By Dowe mense is daar `n hoër voorkoms van mishandeling – fisies sowel as seksueel
- HIV-Vigs is ook `n groot probleem, maar omdat die Dowe gemeenskap `n geslote gemeenskap is, is dit nie algemeen bekend nie.
- Ongeveer 1 500 Dowes is in gemeentes ingeskakel
- Hulpdienste vir Dowe mense is baie beperk, in sommige gevalle is daar nie beskikbaar nie.

Saamgestel deur ds Jan Oberholzer van NG Pretoria-Dowes



Entrepreneurwerkswinkel:

Op Sat 23 Oktober 2004 word 'n entrepreneurwerkswinkel deur Flip van Schalkwyk van Mentor SA aangebied.

Die tema:

10 goue reëls om my besigheid vinniger meer suksesvol te maak.

Tyd:

8:30-12:30

Koste:

R45

Plek:

Kerksaal (h/v 16 de Laan en Ben

Swartstr)



(Let wel: almal wat vir die entrepreneurskpetisie inskryf kwalifiseer outomaties om die entrepreneurwerkswinkel gratis by te woon.)

Vir navrae kontak: Sonja 331-2318 of ds Leon 083 660 1803